

Klimaat 'krap seestroom om'

JORISNA BONTHUYS

KAAPSTAD. – Grootse skaalse veranderings is oënskynlik in die Benguela-seestroom onderweg en klimaatsverandering is straks deels daarvoor verantwoordelik.

Dit blyk uit navorsing wat onderneem is as deel van die Benguela-seestroom Groter Mariene-ekosisteem (BCLME) -program. Dié projek, waarby Suid-Afrika, Namibië en Angola betrek word, word deur die Global Environmental Facility (GEF) gefinansier.

Dié seestroom is van groot belang vir talle winsgewende sektore in die visbedryf en kusdorpe.

Mense in die visbedryf wil weet of dié veranderings – soos dat groot hoeveelhede vis wat deesdae in die Suid-Kaap eerder as langs die Weskus uitgetrek word (waar die meeste fabriek geleë is) – blywend is. Hierop het die navorsers nog nie klinkklare antwoorde nie.

Wat hulle wél weet, is dat

daar die afgelope 50 jaar reeds ekosisteemveranderings in die Benguela-seestroom bespeur word. Dié ekosisteem is onder druk weens visvangpraktyke en mynbou, asook bevolkingsdruk, blyk uit 'n artikel hieroor in *Africa Geographic*.

Die BCLME-“grense” skuif oënskynlik poolwaarts en ooswaarts, sê dr. Mick O'Toole, hoofwetenskaplike van die BCLME-projek. Dit hou verkeie bestuursimplikasies vir mariene bronne in.

“Daar is sonder twyfel groot regime-veranderings onderweg. Of dit noodwendig aan klimaatsveranderings of langtermyn- ekologiese siklusse toe te skryf is, of weens oorbenuiting vroeër, kan ons nie met sekerheid sê nie,” sê prof. Vere Shannon van die Universiteit van Kaapstad (UK). “Maar dit is moontlik dat ons hier tekens van aardverhitting bespeur.”

Soos O'Toole benadruk hy egter dat 'n groot hoeveelheid van die veranderings in die Benguela die afgelope dekades toe-

geskryf kan word aan oorbenutting wat die balans in die ekosisteem versteur het. Suider-Afrika se seebronne is potensieel besonder kwesbaar vir aardverhitting, sê navorsers.

Shannon, verbonde aan die UK se departement Oseanografie, sê 'n beduidende toename in see-oppervlak-temperatuur word die afgelope kwarteeu bespeur in die noordelike Benguela, asook poolwaarts van die suidelike “grens” van dié ekosisteem. Hierteenoor het see-temperatuur die afgelope 25 jaar naby die kus tussen Lambertsbaai en Port Elizabeth effens gedaal.

Van die vernaamste veranderings wat bespeur is, is:

- See-oppervlak-temperatuur in kusgebiede en die oopsee in die BCLME het vanaf 1920 tot 1990 met gemiddeld sowat 1°C gestyg.

- Seevlakke langs die kus van Suider-Afrika toon 'n jaarlikse styging van 1,2 mm oor 'n tydperk van drie dekades ('n syfer wat redelik strook met die wê-


reldgemiddeld).

- 'n Dramatiese daling in pelagiese visbronne word sedert die sewentiger- en tagtigerjare in Namibiese gebiedswaters ondervind.

- Daar is aanduidings dat daar die afgelope halfeeu 'n toename in die voorkoms van warm toestande in die Noordelike Benguela was, asook die voorkoms van suurstofarm “kolle” in die osean naby die kontinentale plat.

- Die afname in pelagiese visbronne (veral sardyne) het Namibiese seevoëlgetalle beduidend beïnvloed, sê dr. Rob Crawford van die direktoraat mariene en kusbestuur. Die Namibiese bevolking van pikke-wyne en malgasse het tussen 1956 en 2005 met onderskeidelik 85% en 95% afgeneem.

Shannon sê nóg navorsing hieroor is nodig. Die nuwe kommissie vir die BCLME, waaraan Suid-Afrika, Angola en Namibië deel het, kan 'n groot rol speel om dié veranderings op 'n ekosisteemvlak te bestuur.



Navorsers krap kop oor hoe veranderings in die Benguela-seestroom vissers langs die plaaslike kuslyn, asook in Namibië en Angola, waar dié foto geneem is, se toegang tot seebronne gaan beïnvloed.

Foto: CLAUDIO VELASQUEZ ROJAS

Mariene bronne: Ooreenkoms

SA deel van projek om Benguela te bestuur

'Beskerming van stokvisbronne lei tot werkskepping, valuta'

JORISNA BONTHUYS

KAAPSTAD. – 'n Ooreenkoms wat die grondslag lê vir die daarstel van 'n formele kommissie vir die bestuur van die Benguela-seestroom is deur regeringslui van Suid-Afrika, Namibië en Angola onderteken.

Die ooreenkoms hou verband met samewerking tussen dié drie lande die afgelope paar jaar, veral as deel van die Benguela-seestroom Groter Mariene-ekosistiem (BCLME).

Dié program is 'n gesamentlike inisiatief van Angola, Namibië en Suid-Afrika waarmee probeer word om die bestuur van die Benguela-ekosistiem in sy geheel (oor landsgrense heen) te verbeter. Die program word deur die Global Environment Facility (GEF) gefinansier.

Dié ooreenkoms is gisteraand onderteken deur mnr. Marthinus van Schalkwyk, Suid-Afrika se minister van omgewingsake en toerisme, dr. Abraham Iyambo, die Namibiese minister van vissery en mariene bronne, en mnr. Pedro João, Angola se adjunkminister van visserye.

Die geleentheid is bygewoon deur verskeie senior afgevaardigdes van die Verenigde Nasies se omgewings-program asook die GEF.

Van Schalkwyk het gesê dié ooreenkoms toon dat waar daar politieke wil teenwoordig is, praktiese planne gemaak kan word wat positiewe omgewingsgevolge kan hê.

Hy het die bewaringsorganisasie WWF en BirdlifeSA, asook die Noorweegse en Duitse regerings bedank vir hul bydraes tot dié projek.

Navorsing toon hoe kwesbaar visvangsektore en kuggemeenskappe reeds vir klimaatsverandering is, het hy gesê.

"Die impak daarom op inwoners van kuggemeenskappe is 'n toonbeeld daarvan dat hulle die ergste geraak word deur die verhoogde voorkoms van storms en die migrasie van kwesbare visbevolkings in Suider- en Wes-Afrika."

Volgens hom is die BCLME-program enersyds belangrik vir doeltreffende monitering en andersyds omdat dit tasbare ingrypings in kusgebiede kan meebring.

"Die goeie bestuur van stokvisbronne het tot duisende werksgeleenthede gelei en groot hoeveelhede buitelandse valuta vir Suid-Afrika en Namibië gegenereer," het Van Schalkwyk gesê.

"Gedeelde visbronne tussen ons twee lande beteken dat samewerking noodsaaklik is om te verseker dat daar geen onverantwoordelike visvangpraktyke plaasvind nie wat ramspoedige gevolge vir albei lande se ekonomieë kan hê."

In Suid-Afrika het die verantwoordelike bestuur van stokvisbronne die afgelope paar jaar as 'n katalisator eerder as 'n remskoen vir ontwikkeling en ekonomiese groei gedien, het Van Schalkwyk bygevoeg.

Die stokvisbedryf is verantwoordelik vir ongeveer die helfte van die visbedryf se bydrae tot die land se bruto nasionale produk, blyk uit bronne van die direktoraat mariene en kusbestuur. Dit onderhou sowat 9 000 werkgeleenthede.

● Besoek www.bclme.org vir meer inligting oor dié ooreenkoms.